# VBO

*en* VOORTGESETTE
BEDIENINGSONTWIKKELING

## *DISSIPELVORMING*

# COMMUNITAS

# 2016

*... om 'n leerbare ingesteldheid te kweek*

VBO gaan oor die verdieping van ons verstaan

van die evangelie,

ons ingesteldheid teenoor ons roeping en

oor die slyping van

ons bedieningsvaardighede.

Dit gaan veral ook oor konstante leerbaarheid:

oor die moed om in nuwe situasies in te gaan

met die vertroue dat die Here ons kan leer en

'n weg kan wys

wat ons nie nou helder sien nie.

# INHOUDSOPGAWE


**Geagte Kollega** ..... 4

**'n Volblad-oorsig oor die VBO-PROGRAM 2016** ..... 5

**Kronologiese datumlys 2016** ..... 11

**VBO-kursusse** 14

1. **Fresh Expressions Internasionale Konferensie** ..... 14
2. **Winterskool 2016: *A home for us all? – The future of Christianity and our youth in Africa*** ..... 15
3. **Getuienisaksie jaarvergadering 2016 – Tema: Kerk en die Ekonomie: *Hoe spreek ons reuse ongelykhede aan? Kan die kerk help?*** ..... 16
4. **DW de Villiers-gedenklesing** ..... 16
5. **Gevorderde Sertifikaat in Bedieningsvernuwing** ..... 17
6. **Geskeduleerde kursusse** ..... 20
7. **Kursusse op aanvraag** ..... 27
8. **Dissipelvorming – Kursusse vir lidmate** ..... 34
9. **Geloofsreis vir Predikante** ..... 38
10. **Predikantebegeleiding – Kursusse en retraites** ..... 40

**Praktiese reëlings:** *Kursuskoste, kursustye e.d.m.* ..... 44

**VBO-punte** ..... 45

**Pro-forma program** ..... 46

**Taakgroep-inligting** ..... 47

## Oktober 2015

## Geagte kollega

Ons as Taakspan vir VBO stuur aan jou hierdie VBO gids vir 2016 met groot verwagting. Ons is tot ’n groot mate ’n nuwe span wat graag wil voortbou op die goeie werk van die vorige span. Hierdie jaar se gids is werklik ’n spanpoging waaraan byna **elke taakspan van die Sinode** saam gewerk het. Meeste van die kursusse is daarom kursusse wat VBO saam met hierdie taakspanne aanbied.

Ons is bewus van die besondere uitdagings wat aan ons as predikante gestel word in hierdie tye en het na die beste van ons vermoë ’n program saamgestel wat hierdie uitdagings aanspreek. Die uitdagings wat deur die **Moderamen** vasgestel is, het ons gehelp om die fokusse van die kursusse te ontwikkel.

Ons bied hierdie program aan as medeleerders saam met jou. Ons almal leer wat dit beteken om as predikante leiding te gee in tye met nuwe uitdagings. As taakspan is ons oortuig dat dit van ons as predikante vra dat ons in ’n **verdiepte verhouding met die lewende Christus** sal leef. Daarom sal julle vind dat al ons kursusse in ’n formaat gegiet word wat ruimte maak vir verdieping. Die uitdagings van ons tyd vra verdiepte groei en integrasie by ons almal.

Ons wil ook graag jou **kerkraad** hierby betrek en ons nooi jou uit om saam met die Kerkraad of taakspan te gaan sit en kursusse te identifiseer wat inpas by die uitdagings waarmee julle tans besig is. Let ook op dat daar ’n hele afdeling in die gids is wat kursusse en programme vir **Lidmaatbemagtiging** bekendstel.

Ook **Ringe** kan betrek word. ’n Groot deel van ons program is ons lys van keusekursusse. Hierdie kursusse is bedoel vir Ringe om saam kursusse te kies wat inpas by die uitdagings wat die Ring in hulle streek identifiseer. Ringe kan ons dan nooi om die kursus in julle streek te kom aanbied.

In die kursusprogram is daar vier soorte kursusse waaruit jy kan kies:

1. Kursusse wat fokus op die **verbreding van jou teologie**. Hierdie kursusse is so ontwikkel dat dit jou sal blootstel aan nuwe teologiese en teoretiese insigte tov die tema. Jy kan by hierdie kursusse verwag dat die aanbieders jou sal uitdaag om vars te kyk na teologiese temas sodat jy in jou bediening taal kan skep in jou hieroor.
2. **Persoonsvormende kursusse**. In hierdie kursusse kan jy verwag dat die aanbieders jou sal begelei in prosesse wat vormend inwerk op jou eie spiritualiteit en persoon. Gewoonlik is hierdie kursusse ’n proses wat oor meer as een aanbiedingsgeleentheid plaasvind.
3. **Praktykgerigte kursusse** wat aan jou die geleentheid sal gee om nuwe vaardighede aan te leer. In hierdie kursusse sal daar geleentheid wees vir die in-oefening van vaardighede en beplanning vir die implementering van aksieplanne in die gemeente. Ons daag jou uit om saam met ons jou vaardighede te vernuwe!
4. Ons sluit ook konferensies in waarvan sommige saam met ons Ekumeniese vennote gedoen word. Dit sluit oa die **Internasionale Fresh Expression** konferensie in- die eerste keer wat dit buitekant Engeland aangebied word!

Ons wil jou aanmoedig om jou keuses so te maak dat jy blootstelling kry aan al drie die soorte leergeleenthede.

Vriendelike groete

**Peet Bester**
**(Voorsitter: VBO taakspan)**
peet@ngkfranschhoek.co.za
**084 583 3454**

**Frederick Marais**
**(PSD: Kerklike Opleiding)**
jfm@sun.ac.za
**083 380 1657**

# ’n Volblad-oorsig oor die VBO-PROGRAM 2016

## Elke kursus val in ’n bepaalde *kategorie*:

## V = Vaardigheidsontwikkeling

## T = Teoreties

## P = Persoonsontwikkeling

1. Kursusse wat fokus op die **verbreding van jou teologie**. Hierdie kursusse is so ontwikkel dat dit jou sal blootstel aan nuwe teologiese en teoretiese insigte tov die tema. Jy kan by hierdie kursusse verwag dat die aanbieders jou sal uitdaag om vars te kyk na teologiese temas sodat jy in jou bediening taal kan skep hieroor.
2. **Persoonsvormende** kursusse. In hierdie kursusse kan jy verwag dat die aanbieders jou sal begelei in prosesse wat vormend inwerk op jou eie spiritualiteit en persoon. Gewoonlik is hierdie kursusse ’n proses wat oor meer as een aanbiedingsgeleentheid plaasvind.
3. **Praktykgerigte kursusse** wat aan jou die geleentheid sal gee om nuwe **vaardighede** aan te leer. In hierdie kursusse sal daar geleentheid wees vir die in-oefening van vaardighede en beplanning vir die implementering van aksieplanne in die gemeente. Ons daag jou uit om saam met ons jou **vaardighede te vernuwe**!

| **Konferensies** | | |
|---|---|---|
| **Fresh Expressions Internasionale Konferensie** | Ekklesia saam met CESA, NGK, VGK en Vineyard by His People’s Church, N1Stad | 16-18 Feb |
| **Winterskool 2016**: *A home for us all? – The future of Christianity and our youth in Africa* | Fakulteit Teologie, Communitas, Ekklesia en die Beyers Naudé-sentrum | 31 Mei-2 Jun |
| **Getuienisaksie jaarvergadering 2016**<br>**Tema: Kerk en die Ekonomie:**<br>***Hoe spreek ons reuse ongelykhede aan?***<br>***Kan die kerk help?*** | Getuienisaksie | 27-28 Jul |
| **DW de Villiersgedenklesing** | Communitas en die Fakulteit Teologie | 20 Sep |

| Gevorderde Sertifikaat in Bedieningsvernuwing | | |
|---|---|---|
| **2016-2018 (In Engels, saam met Ekklesia)** | | |
| **Blok 1: Om die tye en geleenthede te verstaan** | Coenie Burger | 23-25 Feb |
| **Blok 2: Gemeentelike Ekklesiologie** | Frederick Marais | 17-19 Mei |
| **Blok 3: DIE TRINITEIT- *Die Wonderlike, Vreemde God in Wie Christene Glo*** | Coenie Burger en Marius Nel | 23-25 Aug |
| **2015-2017 (In Engels, saam met Ekklesia)** | | |
| **Blok 4: Identiteit – wie is ons en waar pas ons in?** | Gys v Schoor en Riaan vd Merwe | 26-28 Jan |
| **Blok 5: Bediening en geestelike leierskap – die hart van predikantswerk** | Coenie Burger | 12-14 Apr |
| **Blok 6: Bediening en Geestelike Formasie – hoe mense gevorm word vir dissipelskap en diens** | Frederick Marais | 13-15 Sep |
| **2014-2016** | | |
| **Blok 7: Missionale Gemeentes – hoopvol en energiek vir ons roeping** | | 2-4 Feb |
| **Blok 8: Erediens en Prediking – hoe ons die storie van die evangelie glo, vier en vertel** | | 17-19 Mei |
| **Blok 9: Gemeenskap – om koinonia en diensbaarheid in gemeentes te versterk** | | 23-25 Aug |

| | Geskeduleerde Kursusse | | |
|---|---|---|---|
| **V** | **1. Lidmaatprediking-kursus** | Guillaume Smit | 5-6 Feb |
| **V+P** | **2. Egskeidingsherstel-kursus** | Guillaume Smit | 4-5 Mar |
| **V+T** | **3. Trauma en Hoop: van die OT tot by ons gemeentelike konteks** | Julie Claasens, Prof Louis Stuhlman e.a. | 10-11 Mar |
| **V+T** | **4. 'n Inklusiewe hermeneutiek as sleutel tot komplekse vraagstukke** | Taakspan Leer en Aktuele Sake | 15-16 Mar |
| **V** | **5. Logoskursus in die verfrissing van Bybelse grondtale (Grieks & Hebreeus)** | Guillaume Smit en Louis Jonker | 6-7 Apr |
| **V+T** | **6. MSM – Mission Shaped Ministry** | Verskillende aanbieders | 22-23 Apr<br>10-11 Jun<br>19-20 Aug |
| **P+T** | ***7.* Dialooggesprekke in die publieke sektor – Rassisme en versoening: *'n Bybelse verstaan van transformasie*** | Verskeie plekke<br>Sentrum vir Publieke Getuienis (Braam Hanekom) | Later bekend |
| **V** | **8. Kursus in Geloofsonderskeiding** | Taakspan Gemeentebegeleiding | 19-20 Apr |
| **V** | ***9.* Werkswinkel oor die kerk se rol in die bou van die burgerlike samelewing*: Hoe kan ek waardig en vaardig oor die Evangelie praat en dit beliggaam in die plaaslike burgerlike samelewing?*** | Taakspan Publieke Getuienis (Braam Hanekom) | 26 April |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **V** | **10. Kursus in Geloofsvorming** | Taakspan vir Kinder-, Jeug- en Familiebediening (Gielie Loubser) | 10-11 Aug |
| **T** | **11. SEKS! – *'n Christelik- Bybels-etiese raamwerk vir seksualiteit*** | Taakspan vir Leer- en Aktuele sake (Heerden van Niekerk) | 16-17 Aug |
| **T** | **12. Teologie en Menswaardigheid** | Taakspan vir Menswaardigheid (Elize Morkel e.a.) | 20-21 Jul |
| **T** | ***13.* Hoe kan ons mekaar se Godgegewe menswaardigheid herbevestig in 'n konteks van stigma en diskriminasie?** | Taakspan vir Menswaardigheid (Elize Morkel e.a.) | 1 Sep |
| | | | |

| | | |
|---|---|---|
| | **Kursusse op aanvraag (Ringe of predikantegroepe)** | |
| **V** | **I. Die kerk se bediening aan 18-30-jariges** | Taakspan vir Kinder-, Jeug- en Familiebediening (Gielie Loubser) |
| **T** | **II. Jesus as Koning** | Marius Nel |
| **P** | **III. PEAK Leadership I** | Verskeie moontlike aanbieders |
| **P** | **IV. PEAK Leadership II** | Verskeie moontlike aanbieders |
| **V** | **V. Gemeente-finansies en -administrasie**<br>Aangebied as 3 dag-kursusse – Woon apart of as geheel by:<br>**10a Dag 1 Administrasie**<br>**10b Dag 2 Finansies**<br>**10c Dag 3 Rentmeesterskap** | Taakspan vir Fondse (Bossie Minnaar e.a.) |
| **V** | **VI. Skryfkursus** | Len Hansen ea |
| **P** | **VII. Geluk: Floreer meer – *VBO-kursus oor "happiness"*** | Jannie le Roux, Marius Ungerer & Nadia Marais |
| **V** | **VIII. Geroep, versamel, gevorm en gestuur: *Hoe om missionale bewustheid in ons gemeentes te verhoog*** | Frederick Marais en Philip Botha/Fresh Expressions span |
| **V** | **IX. Vroeë Kind-Ontwikkeling (VKO/ECD)** | Armoede en Sorg (Leon Venter) in samewerking met Communitas (Gielie Loubser en Johan Kotze) – Beskikbaar in 2de Kwartaal |
| **V** | **X. Op reis met ons ekologiese roeping – die pad na vennootskap met die aarde.** | Juanita Greyvenstein, Arnold van der Westhuizen, David Botha, Carl Swart, Johan Botha |
| **V** | **XI. Missionale Luister** | Taakspan Nuwe Geloofsgemeenskap Ontwikkeling (Peter Adams, Ryk van Velden, Philip Botha) |
| **V** | **XII. Missionale Verhoudingsbou** | Taakspan Nuwe Geloofsgemeenskap Ontwikkeling (Peter Adams, Ryk van Velden, Philip Botha) |

| | | |
|---|---|---|
| **V** | **XIII. Missionale gemeentes wat wil evangeliseer** | Taakspan Nuwe Geloofsgemeenskap Ontwikkeling en Taakspan vir Gemeente-getuienis |
| **V+P** | **XIV. Padlangs-Ouerskap (ouerleiding)** | Taakspan vir Kinder-, Jeug- en Familiebediening (Gielie Loubser) |

## Kursusse in Dissipelvorming vir Lidmate (Taakspan vir Dissipelvorming)

| | |
|---|---|
| **Kursusmateriaal kan by Communitas bestel word; geen opleiding nodig vir aanbieder – leiersgids en kursusboek beskikbaar:** | |
| **1. Gebore as 'n metgesel** (Michiel vd Merwe) | Retraitemateriaal is op aanvraag beskikbaar |
| **2. Projek Eksodus** (J&A Carr) | |
| **3. Volk van die Pase –** (J&A Carr) | |
| **4. Tussen pole van vlees en Gees** (Michiel vd Merwe) | |
| **Hierdie kursusse moet eers deurloop word deur die persoon wat dit wil aanbied: (Train the trainer)** | |
| **1. Padlangs Ouerskap** | Gielie Loubser e.a. |
| **2. Egskeidingsherstel-kursus** | Guillaume Smit |
| **Vir hierdie kursusse stel Communitas 'n aanbieder beskikbaar:** | |
| **1. Lidmaatprediker kursus** | Guillaume Smit |
| **2. Oor missionale kerk-wees (MSI-kursus)** | Fresh Expressions span |
| **3. Lidmaatkursus oor skrifgebruik** | Marius Nel |
| **4. PEAK Leadership** | Verskeie geakkrediteerde aanbieders |
| **5. Rentmeesterskap** | Taakspan vir Fondse (Bossie Minnaar) |
| **6. Vroue met Vlerke** | Taakspan vir Vroue |
| **Spiritualiteits-ontwikkeling van Lidmate** | |
| **1. Seisoene vir die Siel – 'n diepteprogram oor spiritualiteitsontwikkkeling en geloofsgewoontes** | Riaan van der Merwe |
| **2. Retraites vir gemeentes** | Verskeie aanbieders – program volgens behoefte van gemeente (Kontak Jannie le Roux) |
| **3. Gevorm deur die kruis – die skuif van lidmaatskap na dissipelskap** | Frederick Marais e.a. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | **Sentrum vir Geloofsvorming Retraites** | | |
| | **Geloofsreis 1.1** | | 29 Feb – 3 Mar |
| | **Geloofsreis 1.2** | | 29 Aug – 1 Sep |
| | **Geloofsreis 2.1** | **Geen – weer 2017** | |
| | **Geloofsreis 2.2 Enneagram** | **Geen – weer 2017** | |
| | **Geloofsreis 3.1 Enneagram** | | 7-10 Mar |
| | **Geloofsreis 3.2 Refleksie - Praktiese Implikasies van die Geloofsreis** | | 31 Okt – 3 Nov |
| | **Geloofsreis 4.1 Rennovation of the Heart (Dallas Willard)** | Fasiliteerder: Gys van Schoor | 22-25 Feb |
| | **Geloofsreis 4.2 Silent retraite**<br>**Stilte Retraite** | | 13 – 18 Jun<br>29 Nov – 5 Des |
| | **Predikantebegeleiding Kursusse en retraites** | | |
| | **Sentrum vir Predikantebegeleiding (Volmoed, Hemel-en-Aarde-Vallei, Hermanus)** | | 15 begeleiers, 7 predikante |
| | **Sentrum vir Predikantebegeleiding 1** | | 2-4 Feb |
| | **Sentrum vir Predikantebegeleiding 2** | | 24-26 Mei |
| | **Sentrum vir Predikantebegeleiding 3** | | 2-4 Aug |
| | **Sentrum vir Predikantebegeleiding 4** | | 1-3 Nov |
| | **100 Dae Geloofsgewoonte** | | |
| | **100 Dae 1** | | 6-7 Jun |
| | **100 Dae 2** | | 22-23 Aug |
| | **100 Dae 3** | | 19-20 Sep |
| | **Opleiding van Brugpredikante** | | |
| | **Brugpredikante Opleiding 1** | | 1-3 Mar |
| | **Brugpredikante Opleiding 2** | | 19-21 Apr |
| | **Kursusse in die ontwikkeling van spesifieke bekwaamhede by predikante** | | |
| | **Praktiese preekmaak:**<br>***Ontwikkel jou preekmaak-vaardighede*** | *Sentrum vir Predikantebegeleiding (Hannes Koornhof)* | *23-25 Feb* |
| | **Die praktyk van Kommunikasie** | **Op aanvraag beskikbaar** | |
| | **Die praktyk van Begeleiding (coaching en mentoring)** | | |
| | **Die praktyk van Geloofsonderskeiding** | | |
| | **Denkvaardighede** | | |
| | **Leierskap in oorgangstye** | | |

| Ander kursusse | | | |
|---|---|---|---|
| **P** | **Aktuele konferensie vir Predikante langer as 20 jaar in bediening** | Pierre Goosen e.a. | 16-17 Mei |
| **P** | **Gelukkige aftrede** | Kenny Raats en Deon Bruwer | 11-13 Okt |
| | **Zebra Uitreik (Volmoed)** | | 18-23 April |

# NEEM ASSEBLIEF KENNIS:

**Hoewel ons sover moontlik by hierdie program hou, is kursusse onderhewig aan veranderings na gelang van die minimum aantal inskrywings asook beskikbaarheid van aanbieders en/of lokale.**

***LW'n Kursus kan plaasvind slegs as daar'n minimum van 10 inskrywings is. Maak dus seker dat die kursus wel gaan plaasvind alvorens jy verblyfkostes en reis- of vlugbesprekings doen.***

## Kansellasies:

**Indien 'n inskrywing voor die sperdatum gekanselleer word, kan die volle fooi terugbetaal word, of op krediet gehou word teen 'n volgende kursus.**

**Kansellasies na die sperdatum, maar 3 dae voor die kursus – 50% van die inskrywingsgeld kan terugbetaal of op krediet gehou word.**

**Kansellasies op kort kennisgewing (2 dae voor die kursus en korter) – geen terugbetaling kan gedoen word nie.**

# KRONOLOGIESE KURSUSDATUMS 2016

## (Hier is die kursusse volgens DATUM gelys)

| Datum | Kursus | Aanbieder(s) |
|---|---|---|
| 26-28 Jan | **Sertifikaat Blok 4: Identiteit – wie is ons en waar pas ons in?** | Gys v Schoor en Riaan van der Merwe |
| 2-4 Feb | **Sertifikaat Blok 7: Missionale Gemeentes – hoopvol en energiek vir ons roeping** | |
| 2-4 Feb | **Sentrum vir Predikantebegeleiding 1** | Predikantebegeleiding |
| 5-6 Feb | **Lidmaatprediking-kursus** | Guillaume Smit |
| 16-18 Feb | **Fresh Expressions Internasionale Konferensie** | Ekklesia saam met CESA, NGK, VGK en Vineyard by His People's Church, N1Stad |
| 22-25 Feb | **Geloofsreis 4.1 Rennovation of the Heart (Dallas Willard)** | Fasiliteerder: Gys van Schoor |
| 23-25 Feb | **Sertifikaat Blok 1: Om die tye en geleenthede te verstaan** | Coenie Burger |
| 23-25 Feb | **Praktiese preekmaak:** ***Ontwikkel jou preekmaak-vaardighede*** | Predikantebegeleiding (Hannes Koornhof) |
| 23-25 Feb | **Brugpredikante Opleiding 1** | Predikantebegeleiding |
| 29 Feb-3 Mar | **Geloofsreis 1.1** | |
| 4-5 Mar | **Egskeidingsherstel-kursus** | Guillaume Smit |
| 7-10 Mar | **Geloofsreis 3.1 Enneagram** | |
| 10-11 Mar | **OT en Trauma** | Julie Claasens, Prof Louis Stuhlman e.a. |
| 15-16 Mar | **'n Inklusiewe hermeneutiek as sleutel tot komplekse vraagstukke** | Taakspan Leer en Aktuele Sake |
| 6-7 Apr | **Logoskursus in die verfrissing van Bybelse grondtale (Grieks & Hebreeus)** | Guillaume Smit en Louis Jonker |
| 12-14 Apr | **Sertifikaat Blok 5: Bediening en geestelike leierskap – die hart van predikantswerk** | Coenie Burger |
| 19-20 Apr | **Kursus in Geloofsonderskeiding** | Taakspan Gemeentebegeleiding |
| 19-21 Apr | **Brugpredikante Opleiding 2** | |
| 18-23 April | **Zebra Uitreik (Volmoed)** | Predikantebegeleiding |
| 22-23 Apr<br>10-11 Jun<br>19-20 Aug | **MSM (Mission Shaped Ministry)** | Verskillende aanbieders, verskeie plekke |
| 26 April | **Werkswinkel oor die kerk se rol in die bou van die burgerlike samelewing*: Hoe kan ek waardig en vaardig oor die Evangelie praat en dit beliggaam in die plaaslike burgerlike samelewing?*** | Taakspan Publieke Getuienis (Braam Hanekom) |

| | | |
|---|---|---|
| 16-17 Mei | **Aktuele konferensie vir Predikante langer as 20 jaar in bediening** | Pierre Goosen e.a. |
| 17-19 Mei | **Sertifikaat Blok 2: Gemeentelike Ekklesiologie** | Frederick Marais |
| 17-19 Mei | **Sertifikaat Blok 8: Erediens en Prediking – hoe ons die storie van die evangelie glo, vier en vertel** | |
| 24-26 Mei | **Sentrum vir Predikantebegeleiding 2** | Predikantebegeleiding |
| 31 Mei-2 Jun | **Winterskool 2016**: *A home for us all? – The future of Christianity and our youth in Africa* | Fak Teol, Communitas, Ekklesia en die Beyers Naudé-sentrum |
| 6-7 Jun | **100 Dae 1** | Predikantebegeleiding |
| 13 - 18 Jun | **Geloofsreis 4.2 Silent retraite** | |
| 20-21 Jul | **Teologie en Menswaardigheid** | Taakspan vir Menswaardigheid (Elize Morkel e.a.) |
| 27-28 Jul | **Getuienisaksie jaarvergadering 2016**<br>**Tema: Kerk en die Ekonomie:**<br>***Hoe spreek ons reuse ongelykhede aan?***<br>***Kan die kerk help?*** | Getuienisaksie |
| 2-4 Aug | **Sentrum vir Predikantebegeleiding 3** | Predikantebegeleiding |
| 10-11 Aug | **Kursus in Geloofsvorming** | Taakspan vir Kinder-, Jeug- en Familiebediening (Gielie Loubser) |
| 16-17 Aug | **SEKS! – *'n Christelik- Bybels-etiese raamwerk vir seksualiteit*** | Taakspan vir Leer- en Aktuele sake (Heerden van Niekerk) |
| 23-25 Aug | **Sertifikaat Blok 3: DIE TRINITEIT- *Die Wonderlike, Vreemde God in Wie Christene Glo*** | Coenie Burger en Marius Nel |
| 23-25 Aug | **Sertifikaat Blok 9: Gemeenskap – om koinonia en diensbaarheid in gemeentes te versterk** | |
| 22-23 Aug | **100 Dae 2** | Predikantebegeleiding |
| 29 Aug-1 Sep | **Geloofsreis 1.2** | |
| 1 Sep 2016 | **Hoe kan ons mekaar se Godgegewe menswaardigheid herbevestig in 'n konteks van stigma en diskriminasie?** | Taakspan vir Menswaardigheid (Elize Morkel e.a.) |
| 13-15 Sep | **Sertifikaat Blok 6: Bediening en Geestelike Formasie – hoe mense gevorm word vir dissipelskap en diens** | Frederick Marais |
| 19-20 Sep | **100 Dae 3** | Predikantebegeleiding |
| 20 Sep | **DW de Villiersgedenklesing** | Communitas en Fak Teol |
| 11-13 Okt | **Gelukkige aftrede** | Kenny Raats en Deon Bruwer |
| 31 Okt – 3 Nov | **Geloofsreis 3.2 Refleksie - Praktiese Implikasies van die Geloofsreis** | |
| 1-3 Nov | **Sentrum vir Predikantebegeleiding 4** | |
| 29 Nov -5 Des | **Geloofsreis 4.2 Stilte Retraite** | |

| | | |
|---|---|---|
| Datum later bekend | **Dialooggesprekke in die publieke sektor – Rassisme en versoening:** ***'n Bybelse verstaan van transformasie*** | Sentrum vir Publieke Getuienis (Braam Hanekom) |
| | | |

# Konferensies

## International Fresh Expressions Conference 2016

*16 - 18 February 2016*

***Fresh Expressions Southern Africa***

---

We are delighted to host the conference for its first appearance on the African continent and we look forward to welcoming all delegates with our unique South African hospitality.

The theme of the conference is **"Future Church – discerning the future church together".** Speakers who are leading the way globally in this fresh move of the Spirit, will provide input and guidance on the theme of the conference.

Church leaders across the world are extremely excited about the way God is transforming churches and denominations to be more relevant in a changing world. Churches are multiplying, growing and being renewed in many places and in many different contexts. This conference will create opportunities to learn from one another and envision together God's future Church. For this reason, a focus of the conference will be to discuss, network and discern together where God is leading His Church. Well-known inspirational speakers, who are leading the way globally in this fresh move of the Spirit, will address us.

**This conference is meant for all pastors and church leaders** (*youth pastors, witness groups, pioneers, missionaries, etc*)

Keynote 1: Fresh Expressions and the future church – Revd. Canon Phil Potter

Keynote 2: Worship of the Triune God in the future church – Bishop Zipho D Siwa/Dr John van de Laar

Keynote 3: Disciple making in the future church – Bishop Graham Cray

Keynote 4: Community transformation through the future church – Prof Jerry Pillay

Keynote 5: Incarnation living in the future church – Dr Michael Moynagh

Keynote 6: Relationships in the future church – Prof Nelus Niemandt

***For more conference info and registration, go to [www.freshexpressions.co.za](http://www.freshexpressions.co.za)***

# Winterskool 2016 Winter School

## *A home for us all – The future of Christianity and our youth in Africa*

*31 May-2 June 2016*

At this moment there are different groups that do not feel at home in South Africa or certain parts of South Africa. This is not how it should be. We believe that Christians in South Africa can help to create a home for all. We believe that the Biblical values provide us with guidelines to achieve our vision. We believe that the older generation struggled to live this vision of a home for us all, but that the younger generation can help us.

In 1976 we had the Soweto uprising with many young people fighting for a better education system and better South Africa for all. Forty years later we can ask the following questions: Is South Africa a home for all? What is the role of the church to create a home for all? Will the church be a home for our children and grandchildren?

**KEYNOTE SPEAKERS**

- Day 1: Esme Bowers – focus on the role Christianity in the future of our country and continent
- Day 2: Lovelyn Nwadeyi – focus on a "home for all"
- Day 3: Brian O'Connel – focus on education/a future for our youth

# Getuienisaksie jaarvergadering 2016

## Tema:

## Kerk en die Ekonomie: *Hoe spreek ons reuse ongelykhede aan? Kan die kerk help?*

*27-28 Julie 2016*

*Getuienisaksie*

_____

Suid-Afrika staar 'n hele aantal groot uitdagings in die gesig.

Een hiervan is armoede, maar armoede is nie die grootste nie.

Die groter uitdaging is waarskynlik **armoede in die teenwoordigheid van welvaart**. Dit is besig om ondraaglike spanning binne die samelewing te skep. Die ongelykheid lê op baie vlakke. Ekonomiese en opvoedkundige ongelykheid is maar enkele voorbeelde.

Die kerk kan hierdie saak nie langer ignoreer nie. Terselfdertyd maak die Bybel ook spesifieke voorstelle oor die regstelling van ongelykheid. Die vraag is hoe ons hierdie beginsels in 2016 moet toepas en of ons as gelowiges bereid is om dit te doen.

Getuienisaksie se jaarvergadering gaan nie net na hierdie saak kyk nie, maar ook na baie praktiese uitdagings en kwessies wat daarmee verband hou.

Dit is 'n geleentheid wat jou en jou kinders se toekoms meer direk raak as wat jy dalk besef.

*Die spanning het ondraaglik geword en iets gaan iewers meegee....*

# K4 – DW de Villiers-gedenklesing

*Communitas en die Fakulteit Teologie*

***20 September 2016***

_____

Dawid W de Villiers was 'n Professor in Teologie aan die Universiteit Stellenbosch van 1970 tot 1984, asook dekaan van dié fakulteit. Hy was ook die stigter van die Universiteit Stellenbosch Buro vir Voorgesette Teologiese Onderrig (Buvton – deesdae bekend as Ekklesia), wat in vennootskap met die kerk spesialisdienste lewer aan predikante en gemeentes.

**Hierdie gedenklesing, die sesde D.W. (Dawid) de Villiers Gedenklesing, vind sedert 20016 elke twee jaar plaas.**

Meer inligting sal later op Communitas en die fakulteit se webblaaie beskikbaar wees.

Vir navrae: kontak *Helette van der Westhuizen*, 021-808 9560; hvdwest@sun.ac.za

# Gevorderde Sertifikaat in Bedieningsvernuwing

*Coenie Burger, Frederick Marais, Riaan van der Merwe e.a.*

*Verskeie datums – sien tabel*

_____

**Bedoeling met die kursus:**

- ’n Intensiewe bedieningsvernuwingskursus wat leraars wil help om op ’n dieper en grondiger vlak geheroriënteer te word t.o.v. hulle bediening. Daarom word die kursus in ’n formaat van nege blokke (van 3–4 dae) oor die loop van drie jaar gedoen.
- Dit wil inklusief werk m.a.w. teologie, vaardighede, houdings, roepingsbewustheid en spiritualiteit, ens bevorder; die kursus sal nuwe insigte gee, maar ook baie prakties wees en mense help om innoverend te werk.
- Die struktuur van die M Th kursus word as ’n vertrekpunt geneem. Die verskil is dat daar nie ’n skripsie geskryf word nie. Om kursusgangers dieper aan die dink en werk te kry word o.a. ’n joernaal gebruik. Dit sou ook goed wees as mense in die aanloop na die blok en vir die afloop bepaalde gemeentetake het om te doen (dalk in groepe).
- Hierdie ’n gesamentlike projek van die drie VBO-sentra.

Die eerste jaargroep het reeds in 2014 en 2015 die eerste 6 blokke afgehandel, en is in 2016 met blokke 7,8 en 9 besig:

| | | |
|---|---|---|
| Blok 7 | **Missionale Gemeentes – hoopvol en energiek vir ons roeping** | 2-4 Feb |
| Blok 8 | **Erediens en Prediking – hoe ons die storie van die evangelie glo, vier en vertel** | 17-19 Mei |
| Blok 9 | **Gemeenskap – om koinonia en diensbaarheid in gemeentes te versterk** | 23-25 Aug |

Die tweede jaargroep (’n ekumeniese groep in samewerking met Ekklesia) het in 2015 die eerste 3 blokke afgehandel, en is in 2016 met blokke 4,5 en 6 besig:

| | | |
|---|---|---|
| Blok 4 | **Identiteit – wie is ons en waar pas ons in?** | 26-28 Jan |
| Blok 5 | **Bediening en geestelike leierskap – die hart van predikantswerk** | 12-14 Apr |
| Blok 6 | **Bediening en Geestelike Formasie – hoe mense gevorm word vir dissipelskap en diens** | 13-15 Sep |

‘n Derde jaargroep begin vanjaarmet die eerste 3 blokke, ook ekumenies en in Engels, in samewerking met Ekklesia.

| | | |
|---|---|---|
| Blok 1 | **Om die Tye en Geleenthede te Verstaan** | 23-25 Feb |
| Blok 2 | **Gemeentelike Ekklesiologie** | 17-19 Mei |
| Blok 3 | **DIE TRINITEIT- *Die Wonderlike, Vreemde God in Wie Christene Glo*** | 23-25 Aug |

**Module1:**

**S1 Om die tye en geleenthede te verstaan – *ons konteks en roeping in SA***

*Coenie Burger e.a.*

In die eerste drie-dag-module gaan ons ’n tree terug gee en veral na drie sake kyk:

1. Hoe moet ons dink ons oor die Christendom in Afrika? Is ons raadop of glo ons saam met baie mense dat die Christendom ’n besondere rol te speel het in die toekoms van ons kontinent?
2. As dit so is, wat is die sentrale uitdagings wat nou vir die kerke in ons land voorlê? Ons gaan goed kyk na die SA konteks en saamdink oor die roeping van die kerk nóú.
3. Het ons genoeg entoesiasme vir ons werk? As ons dit nie het nie, hoe kry mens dit? Ons gaan aandag gee aan die belangrikheid van roeping en visie en kyk na die anatomie van Hoop.

**Module 2:**

**S2 Gemeentelike Ekklesiologie**

*Frederick Marais & Ian Nell*

In die kursus word gekyk na die belangrikheid van missionale gemeentes.

- Daar sal aandag gegee word aan hoe ’n mens ’n gemeente-analise doen om agter te kom wat regtig in ’n gemeente gebeur.
- Daar sal ook saam gekyk word na Bybelse ekklesia.
- Ons kyk ook na wat gemeentes kan wees en doen.

**Module 3:**

**S3 Die Triniteit – *Die Wonderlike, Vreemde God in Wie Christene Glo***

*Coenie Burger & Marius Nel*

In hierdie kursus kyk ons na die Evangelie waarin ons glo. Daar word op 3 temas gefokus:

- Jesus en die Plot van die Evangelie;
- die Trinitariese God van die Bybel; en
- die Missio Dei.

**Module 4:**

**S4 Identiteit – wie is ons en waar pas ons in?**

In hierdie module gaan ons praat oor waar en hoe mense inpas in die Drie-enige God se plan en bemoeienis met die wêreld.

Die fokus gaan uiteraard in die eerste plek wees op die predikant se plek en rol in God se plan en in die gemeente. Maar ons veronderstelling is dat wat ons van die predikante sê ook geld van elke lidmaat in die gemeente.

In die proses gaan aandag gegee word aan drie sake:

- Ons gaan praat oor mens-wees en antropologie. Wat beteken dit dat ons na die Beeld van God geskape is?
- oor die kwessie van identiteit: Gesonde en gebalanseerde mens-wees veronderstel die teenwoordigheid van ’n gesonde persoonlike identiteit.
- oor die predikant (en indirek die lidmate) se spiritualiteit en hoe ons gesond kan groei in ons geestelike lewe.

**Module 5:**

**S5 Bediening en geestelike leierskap – die hart van predikantswerk**

In die vyfde module gaan ons praat oor die bediening of werk van die leraar.

Daar is tans ’n gevaarlike onsekerheid oor wat presies die kern van predikantswerk is. Die wye en oop gesprek oor die saak het positiewe kante en kan verrykend inwerk op ons bediening, maar dan sal ons eerder gouer as later duidelikheid moet kry oor waar die hart van ons werk lê.

Daar sal spesiale aandag gegee word aan die belangrike vraag na geestelike leierskap in die gemeente en wat dit beteken.

**Module 6:**

**S6 Bediening en Geestelike Formasie – hoe mense gevorm word vir dissipelskap en diens**

*Frederick Marais*

In die sesde module word gefokus op die vorming van dissipels. Gemeentes kan nie groei in gestuurdheid of geloofsonderskeiding indien daar nie fokus is op die geloofsvorming van lidmate nie.

Tydens die module sal daar o.a. na die volgende gekyk word:

- ’n bedieningsmodel vir die begeleiding van geloofsvorming (Barabbas as Bybelse voorbeeld van geloofsvorming)
- Praktyke wat ondersteunend is tot bg. model
- Die rol van geloofsgewoontes of -dissiplines
- Die organiese groei van hierdie model in die gemeente

**Module 7:**

**S7 Missionale Gemeentes – hoopvol en energiek vir ons roeping**

Gemeentes is God se geskenk aan die wêreld. Die missionale verstaan van gemeentes bemagtig ons om ons energie te belyn met ons roeping in die wêreld.

In hierdie module gaan ons die vorige modules se insigte verpak t.o.v. die gestuurdheid van die kerk om saam planne te maak oor hoe jou gemeente haar gestuurdheid kan uitleef.

**Module 8:**

**S8 Erediens en Prediking – hoe ons die storie van die evangelie glo, vier en vertel**

In hierdie module herbesoek ons ons verstaan van die Evangelie en hoe ons daaroor in die erediens en deur middel van prediking oor hierdie verhaal geloofwaardige getuienis kan lewer.

Ons gaan ook nadink oor die inkleding van ons eredienste en sakramente as plekke van samekoms, waar ons die teenwoordigheid van God kan vier.

**Module 9:**

**S9 Gemeenskap – om koinonia en diensbaarheid in gemeentes te versterk**

Ons dink in hierdie laaste module na oor die koinonia verbande in die gemeente en ons diensbaarheid in die gemeenskap.

Ons gaan spesifiek kyk na die grootte van die gemeente en hoe dit impakteer op die aard van die verhoudings in die gemeente en die gemeenskap.

Praktiese hulpmiddels hoe om die gehalte van die verhoudings onderling in die gemeenskap te verbeter sal bespreek word.

# Geskeduleerde Kursusse

## 1 Lidmaatpredikerkursus

*Guillaume Smit*
*5-6 Februarie 2016*

_____

Die Lidmaatpredikerkursus lei mense wat geen teologiese opleiding ontvang het nie, op om in hulle gemeentes hulle predikante by te staan en aan te vul in prediking.

Deelnemers kry basiese opleiding in:

- Die aard en wese van prediking in ’n gemeentekonteks (Ekklesiologie)
- Die vermoë om Bybeltekste uit te lê met die oog op prediking (Hermeneutiek)
- Die aanleer van ’n kommunikasiemodel vir prediking (Homiletiek)

Die kursus **strek tans oor ’n tydperk van ses maande** en bestaan uit die volgende komponente:

- Kontaksessie 1 (Ekklesiologie en Hermeneutiek)
- Kontaksessie 2 (Homiletiek)
- Werkopdrag 1 (Hermeneutiek) – drie maande na die eerste Kontaksessie
- Werkopdrag 2 (Preekraamwerk) – drie maande na die tweede kontaksessie
- Werkopdrag 3 (Proefpreekverslag) – na afloop van die proefpreek in ‘n gemeente

Na afloop van die kursus word ’n **Sertifikaat van Voltooiing** uitgereik wat verklaar dat die kursus suksesvol deurloop is.

**Eerste Kontaksessie**

**Waar:** **NGK Brackenfell-Wes**, Janiestr 4, Brackenfell

**********

## 2 Egskeidingsherstel-kursus

*Guillaume Smit*
*4-5 Maart 2016*

_____

Gaan jy of 'n familielid tans deur die stukkende proses van 'n egskeiding? Op soek na emosionele ondersteuning in hierdie moeilike tyd? Wonder jy hoe om jou kinders deur die moeilike tyd te dra?

- Tydens die Egskeidingsherstelkursus word jy gehelp om perspektief te kry op wat tans in jou lewe gebeur.
- Jy kry geleentheid om vorentoe te kyk met die oog op die herbou van jou nuwe lewe.
- En jy word ingenooi in die geloofsruimte van God se genade met die seer wat in jou gemoed leef.

***Indien jy belangstel om hierdie kursus na jou gemeente te neem en om dus as aanbieder opgelei te word, kan jy ook vir hierdie kursus inskryf.***

**Waar:** NGK Brackenfell-Wes, Janiestr 4, Brackenfell

# 3 Trauma en Hoop: van die OT tot by ons gemeentelike konteks

*Louis Stuhlman, Julie Claasens e.a.*

*10-11 Maart 2016*

_____

In hierdie tweedag-werkswinkel gaan ons saam reflekteer oor die rol van trauma en hoop – in die Bybelse teks, sowel as in ons gemeentes.

Prof Louis Stuhlman is professor van Religieuse Studies aan die Universiteit van Findlay, Ohio en medeskrywer van die boek *You are my People: An Introduction to Prophetic Literature* (met Hyun Chul Paul Kom; Abingdon, 2010)

Op dag 1 gaan Prof Stuhlman praat oor "Trauma and Hope: the DNA of the Prophetic Literature," en Prof Juliana Claassens oor die idee van tragiese lag in die Bybelse tradisie.

Na prof Stuhlman se lesing op dag 2 ("Healing the Wounds (Trauma) of the Broken through the Prophet's Non-Language.") sal daar ’n werkswinkel volg oor die manier waarop ons trauma en hoop in gemeentelike kontekste hanteer. Spesiale aandag sal gegee word aan

- hulpbronne vir die hantering van trauma, en
- die reis op die pad na herstel.

**********

# 4 ’n Inklusiewe hermeneutiek as sleutel tot komplekse vraagstukke

*Taakspan vir Leer-en Aktuele Sake*

*15-16 Maart 2016*

_____

As predikant vandag moet ons oor moeilike onderwerpe preek en leiding gee soos: Selfdegeslagverbintenisse, die doop, ons Christelike geloof en die wetenskap, die duiwel, bose geeste, engele, die huwelik en nog meer. In hierdie vaardigheidskursus word jy geleer hoe om ’n inklusiewe hermeneutiek te gebruik wat die teks histories, literêr en sakramenteel uitlê. Hoe vaardiger jy word met die inklusiewe hermeneutiek, hoe beter sal jy leiding kan gee ten opsigte van bogenoemde kwessies.

Tydens die Algemene Sinode 2015 het ’n verslag van die Algemene Taakspan Leer en Aktuele sake (ATLAS) oor Ons Christelike geloof en die wetenskap gedien. In die verslag, wat baie positief ontvang is, is drie tekste (Gen. 1-2, Markus 5 en Artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis) aan die hand van ’n inklusiewe hermeneutiese benadering uitgelê.

STLAS (Sinodale Taakspan Leer en Aktuele sake) sal graag dié en ander tekste volgens hierdie benadering saam met jou lees en daaroor besin.

Ons dink dat hierdie kursus jou kan help om iets interessants oop te sluit.

# 5 Logoskursus in die verfrissing van Bybelse grondtale (Grieks & Hebreeus)

*Louis Jonker en Guillaume Smit*
*6-7 April 2016*

_____

Die praktyk bevestig dat predikante **verroes raak** in die vermoë om Bybeltekste in hulle oorspronklike tale te lees.
Hierdie kursus is 'n innoverende geleentheid vir predikante om hulle **kennis van die grondtale op te skerp en te verfris**.
Predikante word tegelyk ook opgelei in die gebruik en hantering van die Logosprogram wat as grondslag vir die bemeestering van die grondtale dien.
Die sagteware stel gebruikers in staat om

- gemakliker toegang te kry tot die oorspronklike taalstruktuur van die teks,
- die morfologie van die woorde en
- bied vinnige toegang tot die betekenismoontlikhede van die oorspronklike woordeskat.

➢ Deelnemers kry geleentheid om die basispakket vir Logos aan te koop teen 'n spesiale afslagprys.
➢ 'n Opvolg daggeleentheid om die nuwe vaardigheid vas te lê na inoefening vind na ongeveer 'n maand plaas – kursusgangers sal in die groep 'n datum hiervoor bepaal.

***Neem asb. kennis dat 'n beperkte aantal persone op die kursus toegelaat kan word.***

**********

# 6 MSM – Mission Shaped Ministry

*Die Fresh Expressions-span*
*24 modules, deeltyds aangebied oor 'n 9-maande tydperk: 23-23 Apr; 10-11 Jun; 19-20 Aug*

_____

Die hoofkursus van die Fresh Expressions of Church-beweging genoem **msm** (mission shaped ministry) sal **alle predikante en gemeenteleiers** (jeugwerkers, getuienis kommissies, pioniers, sendelinge, ens.) help om hul gemeentes tot groter missionaliteit te lei.

1. Dit dek al die belangrike **aspekte van missionale gemeente-wees**. (Missio Dei, missionale spiritualiteit, missionale leierskap, missionale waardes, missionale luister en vele meer.)
2. Die kursus se **teologie en praktyk** sluit baie goed aan by die NG Kerk familie se teologie en praktyke.
3. Die kursus bied nie *modelle* aan nie, maar **moedig missionale prosesse aan**.
4. Die kursus maak gebruik van **volwasse leer beginsels en geloofsonderskeidende praktyke**.

In 2016 sal die kursus in **Durbanville en George** vanaf Maart tot Oktober aangebied word.
(Datums en plek sal binnekort beskikbaar wees by Elmien: psgk@absamail.co.za ; Tel. 021 557 9776)
Deelnemers ontvang

- 450 bladsye hoë kwaliteit-toerustingsmateriaal, asook
- toegang tot 'n groot verskeidenheid van bronne
- en kan 50 VBO punte verdien.

Kostes: ± R2750-00
Finansiële hulp beskikbaar by GKS / NGGO, kontak Ds. Peter Adams: 021 808 9231

# 7 Dialooggesprekke in die publieke sektor – Rassisme en versoening: *'n Bybelse verstaan van transformasie*

*Fasiliteerders: Sentrum vir Publieke Getuienis (Braam Hanekom)*
*Spesifieke datums sal aangekondig word in Maart 2016*

_____

Hierdie is korter aand-gesprekke (7-10 nm) wat dit moontlik maak vir predikante en lidmate om saam oor die uitdagings van ons land te praat.

Dit word op verskillende plekke aangebied:

| | |
|---|---|
| Oudtshoorn | Vanrhynsdorp |
| George | Beaufort-Wes |
| Swellendam | Springbok |

**********

# 8 Kursus in Geloofsonderskeiding

*Sinodale Taakspan vir Gemeentebegeleiding*

*19-20 April 2016*

_____

Is **geloofsonderskeiding** net iets wat jy doen as jy ***tussen twee opsies moet besluit***, of is dit ***iets meer***?

In hierdie praktykgerigte kursus gaan ons saam kyk na

- kennis,
- vaardighede,
- houdings en
- gebruike

om die kapasiteit van geloofsvorming by gelowiges te verbreed.

Die VBO kursus spreek ook die **aangee en oorgee** van hierdie kapasiteit van een persoon na 'n ander aan.

# 9 Werkswinkel oor die kerk se rol in die bou van die burgerlike samelewing: *Hoe kan ek waardig en vaardig oor die Evangelie praat en dit beliggaam in die plaaslike burgerlike samelewing?*

*Publieke Getuienis (Braam Hanekom)*
*26 April 2016*

_____

Tydens die werkswinkel gaan ons gesels oor

- Wat is die kerngeloofskwessies en vrae wat op die tafel is?
- Hoe reageer ek waardig en vaardig daarop?
- Hoe bemagtig ek lidmate in dié verband?

Kursusgangers sal na die dag ten minste een bruikbare preek oor die saak hê.
Kursustyd: 09:00-16:00

**********

# 10 Kursus in Geloofsvorming

*Taakspan vir Kinder-, Jeug- en Familiebediening*
*10-11 Augustus 2016*

_____

- Hoe kies ’n mens kategese materiaal?
- Hoe help jy ouers om dit wat by die kerk gebeur voort te sit by die huis?
- Watter rol speel die kind se ontwikkelings fase in geloofsvorming?
- Wat is die verskil tussen geloofsonderrig en geloofsvorming?

By hierdie praktykgerigte VBO-kursus gaan ons probeer om holisties te kyk na die **vorming van geloof by jongmense** en probeer om al die moeilike vrae aan te spreek.
Hoe ons dit geantwoord gaan kry, sal ons saam ontdek…

# 11 SEKS! *'n Christelik-Bybels-etiese raamwerk vir seksualiteit*

**Benut die geleentheid om leiding te gee tov seksualiteit vanuit 'n Christelike-Bybelse-etiese raamwerk**

*Taakspan vir Leer- en Aktuele Sake*

*16-17 Augustus 2016*

_____

- Wat behels 'n Christelike raamwerk vir nadenke oor seksualiteit?
- En wat maak ons met alles wat saamhang met seksualiteit: gender, geslagsrolle, seksuele oriëntasie, en seks self?
- Hoe help die Bybel ons byvoorbeeld in hierdie vrae?

Die Taakspan vir Leer en Aktuele Sake het by die Algemene Sinode 2015 die opdrag gekry om 'n verslag op te stel oor seksualiteit, waaronder die taak ingesluit is om 'n Christelik-eties-Bybelse model vir seksualiteit te ontwikkel.

Hierdie konferensie word in samewerking met ATLAS (Algemene Taakspan Leer en Aktuele Sake) aangebied, en fokus op veral drie bydraes tot die gesprek oor seksualiteit binne die NG Kerk, naamlik:

- Bybelse benaderings
- Christelik-etiese riglyne
- Jeugperspektiewe

Kom dink en gesels saam oor hoe seksualiteit in die Bybel, deur Christelike etici, en deur die jeug uitgebeeld word - en watter riglyne, perspektiewe, en benaderings die gesprek oor seksualiteit sou kon verdiep en verryk.

**********

# 12 Teologie en Menswaardigheid

*Taakspan vir Menswaardigheid (Elize Morkel e.a.)*
*20-21 Jul*

_____

In hierdie eendag kursus praat ons oor die **Bybelse en teologiese bronne** wat ons kan **help** om in ons gemeentes 'n **kultuur van Menswaardigheid** te vestig.

Belangrike temas waaroor nagedink sal word, is:

- Hoe hou die kragtige teologiese uiting dat God die mens in God se beeld geskep het (Gen. 1:26-27), verband met die talle stories van *ontmensliking* en *menseregte skending* waarvan ons in die Bybel lees?
- Wat sê teoloë deur die eeue oor Menswaardigheid as 'n sentrale teologiese konsep?
- Hoe hou 'n teologiese verstaan van Menswaardigheid verband met die gesprek oor Christelike Humanisme?

# 13 Hoe kan ons mekaar se Godgegewe menswaardigheid herbevestig in ’n konteks van stigma en diskriminasie?

*Taakspan vir Menswaardigheid (Elize Morkel e.a.)*

*1 September 2016*

_____

Die Seisoen van Menswaardigheid help ons  om ‘n sensitiwiteit en bewuswording te kweek vir die verskillende gestaltes van **“verontmensliking”** waarmee ons gereeld gekonfronteer word, maar ook waaraan ons self aandadig mag wees. Wie is die **randfigure** in ons gemeenskappe? Hoekom word randfigure uitgestoot, gestigmatiseer en veroordeel? Wat sê dit van die gestigmatiseerde, maar ook wat sê dit van die stigmatiseerder? En meer nog, hoe gaan ons te werk om die waardigheid van mense te herwin en in stand te hou?

Met hierdie eendag werkswinkel kan kursusgangers verwag om ’n dieper begrip te ontwikkel oor menswaardigheid en wat dit beteken om na die beeld van God geskep te wees.

Kursusgangers sal ook die vaardighede ontwikkel om:

- Die verontmenslikende aard van stereotipering, stigma en diskriminasie raak te sien, te identifiseer en aan te spreek;
- Stereotipes te vervang met werklike verhale;
- Sensitiwiteit te ontwikkel vir die herwinning en bevestiging van menswaardigheid en
- Bybelse riglyne te identifiseer en toe te pas wat ons help om die waardigheid van mense te herstel en instand te hou.

**********

# Kursusse op aanvraag

## I. Die kerk se bediening aan die 18-30-jariges

*Taakspan vir Kinder-, Jeug- en Familiebediening (Gielie Loubser)*

_____

Hoe bedien ons die evangelie aan lidmate wat val in die ouderdomsgroep 18 – 30 jaar? Dis daardie fase tussen belydenisaflegging en kerk toe kom om kindertjies te laat doop; ’n tyd wanneer hierdie jongmense baie keer uit die kerk verdwyn…

Hierdie lewensfase is een van die grootste uitdagings vir gemeentes.

Almal weet daar is nie klinkklare antwoorde nie en dat ons beste oplossings ook net vir ’n kort tydjie relevant bly.

- Ons gaan vir 2 dae hieroor saam dink en gesels oor watter snuf in die neus ons het.
- Ons gaan spesifiek in gesprek tree met die studente bedienings van ons Sinode en by hulle hoor wat hulle optel onder die studente.

**********

## II. Jesus as Koning

*Marius Nel*

_____

Hierdie kursus handel oor Jesus as koning – ’n kritiese evaluering van die belang van die werk van NT Wright vir die roeping van die kerk in die 3de millennium.

Tydens die kursus gaan o.a. gekyk word na

- die vraag na die historiese Jesus en die belydenis van die kerk;
- ons gaan gesels oor wat dit beteken om te glo in Jesus;
- oor die opstanding van Jesus,
- die implikasie van die hemelvaart van Jesus vir die roeping van die kerk,
- oor hoe God koning geword het,

en nog baie meer ...

# III. PEAK Leadership (Gemeenskapsleiding) I

*Verskeie aanbieders is opgelei en kan gekontak word vir aanbieding*

_____

PEAK Leadership is nie net ’n kursus vir besigheidsleiers nie. Dis ’n tydige kursus vir geestelike leiers vir die huidige werklikheid waarin God ons plaas!

*Hierdie kursus kan ook só beskryf word:*

***Hoe persoonlike leierskap die gemeente en gemeenskap na nuwe hoogtes (“peaks”) kan begelei.***

Die program word so genoem "because it is aimed at leaders in senior positions who are required to have a view from the 'Peak' of the organization and to also lead the organization to scale the peaks."

*Dit word in 2 dele aangebied, en die* kursus neem die vorm van ’n werkswinkel.

In die kursus sal aandag gegee word aan onder andere:

- meta-vaardighede
- Jou persoonlike VISA-profiel
- Hoë impak leierskap
- Die Nuwe Ekonomie
- Leadership Councils

***Jy sal ervaar hoe jou denke skuif!***

# IV. PEAK Leadership II

Die PEAK Leadership (Gemeenskapsleiding)-kursus word in 2 dele aangebied.
Hierdie is die voortsetting van die kursus waarvan Deel 1 reeds vroeër plaasgevind het, en toeganklik slegs vir persone wat reeds deel 1 afgehandel het.

Tydens hierdie module leer jy hoe om die "collective genius" van die groep te ontsluit, asook hoe om met mag ("power") en rang/gesag ("rank") te werk.
Almal het al ervaar hoe mense subtiel samespanning ("collusion") beoefen om sukses te belemmer. Leer hoe om dit te herken en hanteer.

- Wat is jou unieke stem en siening?
- Ons help jou om jou "teachable point of view" te formuleer.
- In die proses kry jy ook goeie terugvoer oor jou goue en skadukante.

Werklik ’n móét om hierdie module ook te voltooi sodat jy nie net jouself nie, maar ook ander na nuwe hoogtes kan begelei!

# V. Gemeente-finansies en -administrasie

Aangebied as drie dag-kursusse - Woon apart of as geheel by:

**Dag 1 Administrasie**

**Dag 2 Finansies**

**Dag 3 Rentmeesterskap**

*Taakspan vir Fondse (Bossie Minnaar e.a.)*

---

Die drie temas hou verband met mekaar, maar volg nie op mekaar nie.

**❶ Administrasie –**

Die administrasie-sessie fokus op ’n verskeidenheid sake: personeeladministrasie, kommunikasie (en sosiale media), die kerkkantoor, vergaderings, nuusbriewe, jaarbeplanning, sagteware (rekenaarpakkette) en argivering. Die fokus is regdeur om **praktiese hulp** te verleen sodat die predikant én die gemeente se administrasie kan meewerk om die gemeente se roeping op ’n logiese, verantwoordelike en konsekwente tot uitvoering te bring.

**❷ Finansies –**

Algemeen: Makro-ekonomiese konteks, finansies van die NG Kerk.

Gemeentelike finansies: begrotings, finansiële state, sinodale aandeel, beleggings.

Persoonlike finansies: Salaris, pensioen, aftree-beplanning.

**❸ Rentmeesterskap –**

Die rentmeesterskap-sessie fokus op die Skrifbeginsels oor materiële besit en rentmeesterskap, prediking oor die gee van tiendes en die bestuur van besittings en praktiese voorbeelde van insamelingsmetodes.

**********

# VI. Om te hoor, te voel ... en te sien: *Die kreatiewe gebruik van die geskrewe woord*

*Len Hansen e.a.*

---

Die beroemde skrywer Joseph Conrad (1857–1924) (*Heart of Darkness, Lord Jim*) het op ’n keer oor sy taak as skrywer gesê: “My task is to make you hear, to make you feel, and, above all, to make you see. That is all, and it is everything.” Om te lees is om te hoor, te voel en bo alles om (anders) te sien.

Die funksie van enige geskrewe teks, net soos met die gepredikte Woord, is om te kommunikeer met die doel om te inspireer; om taal so te gebruik dat die leser nie sal wonder wat die skrywer wou sê nie.

Die **geskrewe woord** is daarom ’n **magtige, effektiewe en uiters kreatiewe hulpmiddel in die bediening** in gemeentes en verder – te meer nog omdat tegnologiese vooruitgang die moontlikhede en reikwydte daarvan voortdurend vergroot. Dit is egter ook ’n kuns waarvoor kennis en vaardighede noodsaaklik is.

Hierdie kursus is gemik op enige lidmaat of predikant wat die gebruik van die geskrewe woord deel van sy of haar bediening wil maak, wat die nodige vaardighede daarvoor wil aanleer of wil verfyn.

# VII. Geluk: Floreer meer – *VBO-kursus oor "happiness"*

*Marius Ungerer, Jannie le Roux & Nadia Marais*

_____

*Is die kerk die plek waar mense regtig vreugde kan vind, en hoe om dit te beleef? Hoe help ons geloofsgemeenskappe om te floreer? En myself?*

Die ontploffing van navorsing en literatuur oor "happiness" en die opbloei van die Positive Psychology dui op 'n positiewe beweging waarvan leiers moet kennis neem en implementeer vir hulle eie lewensblyheid sowel as vir dié van die gemeenskappe wie hulle lei.

Hierdie lens gee 'n innoverende manier om te kyk na die geloofslewe in praktyk en help met die Johannes 10:10 perspektief – *"Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed."*

Ons weet reeds vanuit die Bybel dat ons gelukkig en geseënd kan wees, maar almal sukkel met die HOE daarvan. Die kursus-uitkoms is die lewenshouding van oorvloed, integrasie van vreugde, en om elkeen te bemagtig om die materiaal aan te bied in eie konteks.

Die voorgeskrewe boek is *Leadership for all – virtue practices to flourish* (Marius Ungerer, Johan Herholdt en Jannie le Roux). Die koste hiervan word ingesluit by die kursusfooi.

**********

# VIII. Geroep, versamel, gevorm en gestuur: *Hoe om missionale bewustheid in ons gemeentes te verhoog*

*Frederick Marais en die Fresh Expressions Span*

_____

'n Kerk wat op sigself ingestel is, is sterwend; die kerk en sy bediening moet gerig wees op die omringende omgewing.

In hierdie kursus word gefokus op maniere om gemeentes te help om hierdie diep kultuurskuif van selfgerigte instandhouding na 'n sterk missionale bediening te begin maak.

Daar sal aandag gegee word aan o.a.:

- Wat die Bybel ons leer oor die kerk en haar roeping en bediening.
- Hoe die kerk inpas in die missionale beweging van die Drie-enige God.
- Hoe ons geloofsonderskeidend bewus kan raak van die Here se teenwoordigheid by ons en sy voortgaande werk in ons en in ons omgewing.
- Hoe ons lidmate kan help om meer missionaal te begin leef as dissipels.

Die leraar sal na die tyd:

- Verstaan dat die kerk in sy diepste aard missionaal is en sal dit aan mense kan verduidelik;
- Verstaan dat die kerk se missie saamhang met die feit dat ons behoort aan die Drie-enige God en daarom deel is van die Missio Dei; en
- Die Mission Shaped Introduction (MSI) -kursus kan aanbied

# IX. Vroeë Kind-Ontwikkeling (VKO/ECD)

*Armoede en Sorg (Leon Venter) in samewerking met Communitas (Gielie Loubser en Johan Kotze)*

*Beskikbaar vanaf Tweede Kwartaal 2016*

_____

Die Vroeë Kinder Ontwikkelings kursus is ’n uitstekende geleentheid om blootstelling te kry aan ’n hele aantal sake:

1. Jy sal blootgestel word aan belangrike kennis en insigte rondom Vroeë Kind Ontwikkeling,
2. jy sal geleentheid kry om goeie implementerings idees te ontwikkel oor wat om te doen rondom Vroeë Kind Ontwikkeling in jou gemeente en omgewing,
3. plus jy sal blootgestel word aan ’n uitstekende beplannings en implementerings metodiek, naamlik Ontwerpende Denke wat jy met groot vrug in die bediening sal kan toepas.

Bring gerus lidmate saam om die kursus saam met jou te deurloop.

**********

# X. Op reis met ons ekologiese roeping – die pad na vennootskap met die aarde.

*Juanita Greyvenstein, Arnold van der Westhuizen, David Botha, Carl Swart, Johan Botha*

_____

Dit is vandag, meer as ooit, noodsaaklik dat Christene hul blik na die aarde keer en versoening bewerk met en vir die Skepping, wat so maklik as vanselfsprekend aanvaar word. Pous Franciskus, in sy Ekologiese omsendbrief – Laudato Si – praat van ’n “ekologiese bekering.” Ons Christelike verantwoordelikheid kan nie langer net beperk word tot die “vergroening van praktyke” nie.

Om in harmonie met en respek vir die aarde te leef, noodsaak ’n verandering in hart, denke en perspektief.

- Hierdie is nie net ’n reis vir individue nie. Dit is veral ’n gemeenskaplike reis, wat geloofsgemeenskappe saam moet aanpak.
- Hierdie kursus is bedoel vir alle predikante en lidmate wat graag die reis wil begin om rentmeesters en vennote van die web van die lewe te word, maar ook vir die wat graag hulle bediening van die skepping in hulle gemeenskap wil verdiep.

Kollegas van SAFCEI sal deur die loop van 2016 beskikbaar wees vir die aanbieding daarvan.

# XI. Missionale Luister

*Taakspan Nuwe Geloofsgemeenskap Ontwikkeling (Peter Adams, Ryk van Velden, Philip Botha)*

_____

'n Praktykgerigte kursus waar ons predikante en gemeenteleiers begelei in die aanleer van ***missionale luisterpraktyke*** met die oog op nuwe geloofsgemeenskappe.

**Temas:**

- Die wisselwerking en integrasie van verskillende luisterpraktyke met die oog op die vestiging van nuwe geloofsgemeenskappe
- Luistergewoontes vir die vorming van nuwe geloofsgemeenskappe
- Luistermetodes om te luister na 'n spesifieke gemeenskap (community) en groter konteks (society) vir die vestiging van nuwe geloofsgemeenkappe
- Metodiek vir onderskeidende en innoverende verwerking van, en besluitneming op grond van, data uit die luisterproses

**********

# XII. Missionale verhoudingsbou

*Taakspan Nuwe Geloofsgemeenskap Ontwikkeling (Peter Adams, Ryk van Velden, Philip Botha)*

_____

'n Praktykgerigte kursus waar ons predikante en gemeenteleiers begelei in die aanleer van ***missionale verhoudingsbou-praktyke*** met die oog op nuwe geloofsgemeenskappe.

**Temas**

- Verhoudingsbou met alle rolspelers betrokke as die hart van nuwe geloofsgemeenskapsontwikkeling
- Verhoudingsbou-praktyke vir verskillende rolspelers/groepe en fases by die vestiging van nuwe geloofsgemeenskappe
- Hantering van kortsluitings en konflik in verhoudinge met verskillende rolspelers by die vestiging van nuwe geloofsgemeenskappe

# XIII. Missionale gemeentes wat wil evangeliseer

*Taakspan vir Nuwe Geloofsgemeenskap Ontwikkeling en Taakspan vir Gemeente-getuienis*

_____

Hierdie kursus wil gemeenteleiers toerus om vanuit ’n missionale verstaan van gemeentewees verskillende evangelisasiemetodes te gebruik.

**Temas wat hanteer sal word:**

1. Waarom evangelisasie?
2. Hoe om die komplekse kontekste waarin gemeentes hulle bevind, te verstaan.
3. Die karakter van ’n evangeliserende gemeente.
4. Evangelisasie vanuit ’n gemengde kerk-ekonomie deur middel van:
   - uitnodiging
   - uitreiking en
   - verhoudingsbou (geïnkarneerde evangelisasie)
5. Evangelisasie metodes soos Alpha, L10T, Just walk across the room en *40 days of Community* sal bespreek word.

**********

# XIV. Padlangs Ouerskap (Ouerleiding)

*Taakspan vir Kinder-, Jeug- en Familiebediening (Gielie Loubser)*

_____

Die doel van die kursus is om **ouers te begelei in deelnemende positiewe ouerskap**.

**Ouers** word toegerus met gereedskap om hulle te help om ’n veilige ruimte te skep waar elkeen in die gesin die geleentheid kry om sy/haar volle potensiaal te ontwikkel.

**Kinders** word ook geleer om self verantwoordelikheid vir hulle gedrag te neem. In die proses waar kinders geleer word om keuses te maak, leer hulle selfstandigheid. Die **einddoel** is ’n plek waar almal in die gesin gelukkig en tevrede is.

Deelnemers ontvang die volgende **vaardighede en gereedskap:**

- om die belangrikheid van **kwaliteit-tyd** te besef;
- hoe om **empaties** te wees – hier word verskeie kommunikasie-vaardighede aangeleer soos om te eggo, hoe om kinders se emosies te erken, refleksiewe luister;
- **positiewe geloofwaardige terugvoer**;
- nie-bedreigende **kommunikasie**;
- **ek-boodskappe**;
- **dissipline** en
- hoe om ’n **huisvergadering** in te rig.

Hierdie kursus word spesifiek so ingerig dat deelnemers toegerus word om die kursus **self te gaan aanbied**.

# Beskikbare Kursusse vir Lidmate (Dissipelvorming)

## I Kursusmateriaal kan by Communitas bestel word; geen opleiding nodig vir aanbieder: (Retraitemateriaal is op aanvraag beskikbaar)

**1. Gebore as ’n metgesel** (Michiel vd Merwe)

Hierdie program wil gelowiges help om gestruktureerd na te dink en vry te kom van die houvas wat negatiewe emosies en sonde op hulle lewe het. Ons help mekaar met die geloofsgewoontes wat ’n gelowige daarmee kan help.

**2. Projek Eksodus** (J&A Carr)

Projek Eksodus is ’n proses wat ontwerp is om volwassenes van alle ouderdomme te help om sinvol te ontdek wat dit is om God se pelgrims te wees. Dit is gebaseer op die veronderstelling dat alles duideliker word deur die inweef van ons eie persoonlike verhale en drome met die Christelike verhaal en visie. Die program kan as retraite, maar ook as ’n kursus wat bv oor 9 weke (met 1 uur-sessies i maal per week) strek.

**3. Volk van die Pase** (J&A Carr)

Paasfees gaan nie net oor die opstanding uit die fisiese dood nie – dit gaan bowenal oor die triomf van God se liefde vir ons. Dit gaan oor die krag om hierdie lewe oorwinnend te leef. In die kursus ervaar ons meer van hierdie krag, en leer om dieper daarin te kan delf. Sodat jy deur die kursus opnuut sal ontdek dat Christus inderdaad opgestaan het.

Die program kan as retraite of as vyf weeklikse 2-uur sessies aangebied word.

**4. Tussen pole van vlees en Gees** (Michiel vd Merwe)

Hierdie program wil gelowiges help om hulle eie worsteling met heiligmaking, veral in hulle verhouding tot hulself, hul naaste en die Here, te verstaan en oorwin. Die skema van Henri Nouwen se Reaching Out word gevolg.

## II Hierdie kursusse moet eers deurloop word deur die persoon wat dit wil aanbied:

**1. Padlangs Ouerskap** (Gielie Loubser e.a.)

Die doel van die kursus is om **ouers te begelei in deelnemende positiewe ouerskap**.

**Ouers** word toegerus met gereedskap om hulle te help om ’n veilige ruimte te skep waar elkeen in die gesin die geleentheid kry om sy/haar volle potensiaal te ontwikkel.

**Kinders** word ook geleer om self verantwoordelikheid vir hulle gedrag te neem. In die proses waar kinders geleer word om keuses te maak, leer hulle selfstandigheid. Die **einddoel** is ’n plek waar

almal in die gesin gelukkig en tevrede is.

Deelnemers ontvang die volgende **vaardighede en gereedskap:**

- om die belangrikheid van **kwaliteit-tyd** te besef;
- hoe om **empaties** te wees – hier word verskeie kommunikasie-vaardighede aangeleer soos om te eggo, hoe om kinders se emosies te erken, refleksiewe luister;
- **positiewe geloofwaardige terugvoer**;
- nie-bedreigende **kommunikasie**;
- **ek-boodskappe**;
- **dissipline** en
- hoe om ’n **huisvergadering** in te rig.

**2. Egskeidingsherstel-kursus** (Guillaume Smit)

Gaan jy of 'n familielid tans deur die stukkende proses van 'n egskeiding? Op soek na emosionele ondersteuning in hierdie moeilike tyd? Wonder jy hoe om jou kinders deur die moeilike tyd te dra?

- Tydens die Egskeidingsherstelkursus word jy gehelp om perspektief te kry op wat tans in jou lewe gebeur.
- Jy kry geleentheid om vorentoe te kyk met die oog op die herbou van jou nuwe lewe.
- En jy word ingenooi in die geloofsruimte van God se genade met die seer wat in jou gemoed leef.

# III Vir hierdie kursusse stel Communitas ’n aanbieder beskikbaar:

1. **Lidmaatprediker kursus** (Guillaume Smit)

Die Lidmaatpredikerkursus lei mense wat geen teologiese opleiding ontvang het nie, op om in hulle gemeentes hulle predikante by te staan en aan te vul in prediking.

Deelnemers kry basiese opleiding in:

- Die aard en wese van prediking in ‘n gemeentekonteks (Ekklesiologie)
- Die vermoë om Bybeltekste uit te lê met die oog op prediking (Hermeneutiek)
- Die aanleer van ‘n kommunikasiemodel vir prediking (Homiletiek)

Die kursus **strek tans oor ‘n tydperk van ses maande** en bestaan uit die volgende komponente:

- Kontaksessie 1 (Ekklesiologie en Hermeneutiek)
- Kontaksessie 2 (Homiletiek)
- Werkopdrag 1 (Hermeneutiek) – drie maande na die eerste Kontaksessie
- Werkopdrag 2 (Preekraamwerk) – drie maande na die tweede kontaksessie
- Werkopdrag 3 (Proefpreekverslag) – na afloop van die proefpreek in ‘n gemeente

Na afloop van die kursus word ‘n **Sertifikaat van Voltooiing** uitgereik wat verklaar dat die kursus suksesvol deurloop is.

**Eerste Kontaksessie**

**Waar:** **NGK Brackenfell-Wes**, Janiestr 4, Brackenfell

**Koste:** R350 pp (gesels met ons indien finansies knyp)

**Navrae:** Kontak Guillaume by 083 306-1561

2. **Oor missionale kerk-wees (MSI-kursus)** (Fresh Expressions span)

Daar is tans ’n groeiende konsensus in die kerk – feitlik regoor die wêreld – dat gemeentes veel meer missionaal moet leef. ’n Kerk wat op sigself ingestel is, is sterwend; die kerk en sy bediening moet gerig wees op die omringende omgewing.

In hierdie kursus gaan gefokus word op maniere waarop ons gemeentes kan help om hierdie diep kultuurskuif van selfgerigte instandhouding na ’n sterk missionale bediening te begin maak.
Daar sal aandag gegee word aan:

- Wat die Bybel ons leer oor die kerk en haar roeping en bediening.
- Hoe die kerk inpas in die missionêre beweging van die Drie-enige God.
- Hoe ons geloofsonderskeidend bewus kan raak van die Here se teenwoordigheid by ons en sy voortgaande werk in ons en in ons omgewing.
- Hoe ons lidmate kan help om meer missionaal te begin leef as dissipels.

3. **Lidmaatkursus oor skrifgebruik** (Nico Simpson en Marius Nel)

Meer inligting hieroor sal op die webblad beskikbaar gemaak word (www.communitas.co.za)

4. **PEAK Leadership** (Verskeie geakkrediteerde aanbieders)

PEAK Leadership is nie net ’n kursus vir besigheidsleiers nie. Dis ’n tydige kursus vir geestelike, gemeente- en familieleiers vir die huidige werklikheid waarin God ons plaas!

*Hierdie kursus kan ook só beskryf word:*

***Hoe persoonlike leierskap die gemeente en gemeenskap na nuwe hoogtes (“peaks”) kan begelei.***

Die program word so genoem "because it is aimed at leaders in senior positions who are required to have a view from the 'Peak' of the organization and to also lead the organization to scale the peaks."

*Dit word in 2 dele aangebied, en* neem die vorm van ’n werkswinkel.

Daar word aandag gegee aan onder andere:

- meta-vaardighede
- Jou persoonlike VISA-profiel
- Hoë impak leierskap
- Die Nuwe Ekonomie
- Leadership Councils

***Jy sal ervaar hoe jou denke skuif!***

5. **Rentmeesterskap** (Bossie Minnaar e.a.)

Die rentmeesterskap-kursus fokus op die Skrifbeginsels oor materiële besit en rentmeesterskap, prediking oor die gee van tiendes en die bestuur van besittings.

6. **Vroue met Vlerke** (Taakspan vir Vroue)

Vroue met Vlerke maak vroue bewus van God se teenwoordigheid deur na **mekaar se stories** te luister. God is óók vandag besig om vroue te roep, te vorm en te stuur.

'n Paar vroue is opgelei en het deel geword van die begeleierspan vir Vroue met Vlerke. 'n Geloofsreis is nie iets wat mens eenkeer doen nie, maar oor en oor doen as 'n gewoonte. Ons doen dit saam met geloofsvriendinne en daarom nooi ons voortdurend vroue uit om saam met ons hierdie reis te onderneem. Saam ontdek ons dat God die hoofkarakter is en dat Hy ons deel maak van sy groter prentjie. Gaan lees gerus meer by:

http://communitas.co.za/taakspanne/vrouelidmate/vroue-met-vlerke/meer-inligting-oor-die-vroue-met-vlerke-geloofsreis/

7. **Geluk: Floreer meer – *VBO-kursus oor "happiness"*** (Jannie le Roux, Marius Ungerer, Nadia Marais)

Is die kerk die plek waar mense regtig vreugde kan vind, en hoe om dit te beleef? Hoe help ons ons gesinne en gemeenskappe om te floreer? En myself?

Ons weet reeds vanuit die Bybel dat ons gelukkig en geseënd kan wees, maar almal sukkel met die HOE daarvan. Die kursus-uitkoms is 'n lewenshouding van oorvloed, integrasie van vreugde, en om elkeen te bemagtig om die materiaal aan te bied in eie konteks.

Hierdie lens gee 'n innoverende manier om te kyk na die geloofslewe in praktyk en help met die Johannes 10:10 perspektief – *"Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed."*

Die voorgeskrewe boek is Leadership for all – virtue practices to flourish (Marius Ungerer, Johan Herholdt en Jannie le Roux). Die koste hiervan word ingesluit by die kursusfooi.

# IV Spiritualiteits-ontwikkeling van Lidmate

1. **Seisoene vir die Siel** – 'n diepteprogram oor spiritualiteitsontwikkkeling en geloofsgewoontes. (Riaan van der Merwe).

Is die beoefening van "Geestelike Dissiplines" regtig nodig vir gesonde geestelike groei? Is dit nie maar net 'n verbygaande mode-verskynsel wat saamhang met die toenemende wêreldwye belangstelling in spiritualiteit nie? En as dit dan noodsaaklik is vir gesonde geestelike groei, hoe weet mens watter dissiplines hier en nou vir jou belangrik is? "SEISOENE VAN DIE SIEL" wil duidelik maak dat sekere "geloofsgewoontes", op bepaalde tye in ons lewe, op 'n natuurlike manier ruimte skep vir die Heilige Gees om organiese geestelike groei in ons te bewerkstellig

Dr. Riaan van der Merwe is 'n Pastorale Terapeut en Geestelike Begeleier. Hy bied gereeld landwyd retraites, seminare en lesings aan ter bevordering van integrale Bybelse spiritualiteit.

2. **Retraites vir gemeentes** – Verskillende programme aangebied deur verskeie aanbieders – program volgens behoefte van gemeente (Kontak Jannie le Roux)

3. **Gevorm deur die kruis** – die skuif van lidmaatskap na dissipelskap (Frederick Marais e.a.)

Daar word gereeld gepraat oor die **skuif in ons denke van lidmaatskap na dissipelskap**. In hierdie kursus wil ons probeer om die gesprek te skuif na **"hoe"** gemeentes dit kan doen.

Die vrae wat ons vra is: *Hoe skuif 'n geloofsgemeenskap se kultuur (sommige noem dit die DNA) van 'n Christendom fokus op die vorming van lidmate, na 'n missionale geloofsvorming van dissipels of apostels?*

# Geloofsreis vir Predikante

*Aangebied deur die Sentrum vir Geloofsvorming in samewerking met Communitas*

*Plek: Ghoeps, Hermanus of Wortelgat, Stanford*

---

# Geloofsvorming: 'n lewenslange reis …

Geloofsvorming is 'n lewenslange reis saam met Jesus. Dit impliseer 'n proses van radikale innerlike transformasie wat uitloop op diens aan die naaste en die skepping.

Die Geloofsvormingsreis (verkort: Geloofsreis) vir predikante word reeds 'n aantal jare as 'n VBO kursus deur Communitas in samewerking met die Sentrum vir Geloofsvorming aangebied.

Die Geloofsreis het 'n aanvanklike curriculum van 3 jaar waar predikante op **4-dag retraites g**aan, waar hulle in 'n rustige omgewing begelei word om op **verskillende vlakke te groei en verander**. Predikante wat die 3 jaar se reise voltooi het, word vanaf vanjaar ook genooi om steeds voort te gaan met die reis, want daar word nou nog 2 retraites bygevoeg.

## *Maar wat behels hierdie Geloofsreis nou eintlik?*

Gys van Schoor, begeleier, skryf só hieroor:

**Die Geloofsreis wil ons help om**

- Eerstehands met Jesus te leer lewe (Dissipelskap)
- Onsself te leer ken

***Almost all problems in the spiritual life stem from a lack of self-knowledge.*** *(St Teresa of Avila)*

- Innerlik verander te word (Geloofsvorming)
- Meer vry en heel te word
- Om meer mens te word
- Om meer gefokus ons roeping uit te leef

**Die 2 persone wat die Here gebruik het om my op 'n nuwe pad te lei was:**

- NT Wright (Seker die voorste Nuwe Testamentikus tans in die wêreld)
- Dallas Willard (Professor in Filosofie, VSA; oorlede 2014 op 77)

  Dallas het die kerk in die wêreld gehelp om weer dissipelskap en geloofsvorming ernstig op te neem

**Hier is *s*kakels waar jy kan gaan kyk op *You Tube***

NT Wright - Simply Jesus

- http://www.youtube.com/watch?v=AHZqPkj3uKg
- http://www.youtube.com/watch?v=V3AksifR6Eo

NT Wright – How God became King : http://www.youtube.com/watch?v=SDWcvGOBOhU

Dallas Willard – The cost to follow: http://www.youtube.com/watch?v=s_AbnvbHVB8

## Geloofsreis Jaar 1

**Retraite 1.1 : Emosioneel gesonde spiritualiteit**

29 Feb – 3 Maart

Een die grootste struikelblokke vir ons lewe saam met God is ons gebrek aan selfkennis. In hierdie retraite ontdek ons ons emosionele ongesondheid aan die hand van die werk van Scazerro. Ons gee ook aandag aan die herontdekking van Jesus se evangelie aan die hand van : **Ons het ons misgis met Jesus**

Boeke aanbeveel: Pete Scazzero: *Emotional healthy spirituality*

Werkboeke:2 X R50 = R100

**Retraite 1.2: Dissipelskap en Geloofsvorming**

29 Aug – 1 September

Dallas Willard help ons met ons eie Dissipelskap en Geloofsvorming

Boek: Dallas Willard: *The Great Omission*

Notas: R50

## Geloofsreis Jaar 2 **(Vind nie 2016 plaas nie agv te klein begingroep in 2015)**

**Retraite 2:1 Die innerlike reis: vals self vs ware self**

**Retraite 2.2 Die enneagram**

## Geloofsreis Jaar 3

**Retraite 3:1: Die enneagram**

7 – 10 Maart

Die enneagram is ’n instrument wat ons help met selfinsig en ons ook help met perspektiewe vir ons reis: “...to become fully human and deeply alive”

Notas: R100

**Retraite 3:2: Refleksie oor die 3-jaar asook saamgesels oor die praktiese implikasies van die Geloofsreis vir jou bediening**

31 Okt – 3 Nov

Hier word nagedink oor die implikasies van die Geloofsreis vir die breër kerk, maar veral vir jou gemeente.

## Geloofsreis Verdere Reis

**(*Daar jaarliks 2 stoppe* - Toeganklik vir almal, nie afhanklik van die voltooiing van die Geloofsreis nie)**

**Retraite 4.1: Rennovation of the heart (Dallas Willard)**

22 – 25 Feb

Fassilliteerder – Gys van Schoor

**Retraite 4.2: Stilte retraite**

13 – 18 Junie; 29 Nov – 5 Des

Dit is ’n stilte retraite met begeleiding. Dit beteken daar is 1 afspraak per dag met ’n Geestelike Begeleier.

Daar is 2 opsies:

- 7 dag (6 nagte) Maandag tot Sondag
- 5 dag (4 nagte) Maandag tot Vrydag

# Predikantebegeleiding Kursusse en retraites 2016

## Sentrum vir Predikante-Begeleiding

***Sentrum 1:*** *2-4 Feb*

***Sentrum 2:*** *24-26 Mei*

***Sentrum 3:*** *2-4 Aug*

***Sentrum 4:*** *1-3 Nov*

*Volmoed, Hemel-en-Aarde-Vallei, Hermanus*

*Pierre Goosen, Theunis Botha e.a.* *- 15 begeleiers en 7 predikante -*

Die aanpak van die Sentrum vir Predikante-Begeleiding is om 'n veilige, nie bedreigende ruimte te skep waarbinne predikante hulleself aan 'n proses van evaluering en begeleiding kan blootstel en waarin hulle "medeskrywers" is aan die evaluering en begeleiding.

Die fokus is op die bevoegdhede wat nodig is vir predikante in die bediening en die gepaardgaande vaardighede wat nodig is om hierdie bevoegdhede uit te leef. Dit gaan in die Sentrum oor die evaluering van sigbare praktiese gedrag wat tydens rollespel waargeneem word en waarop jy, in 'n veilige ruimte, onmiddellike terugvoer ontvang.

Daar word op nege bekwaamhede in die proses gefokus. Elke bevoegdheid het drie vlakke (van vaardighede) waaraan die predikante geëvalueer word.

Opvolggesprekke word ook gereël n.a.v. die groei areas wat vir elkeen geïdentifiseer word.

## 100 Dae Geloofsgewoonte

***100 Dae:*** *6-7 Junie*

***100 Dae 2:*** *22-23 Augustus*

***100 Dae 3:*** *19-20 Sep*

*Schoonstadt, Constantia; Volmoed, Hermanus; of in Ringe*

*Riaan van der Merwe & Pierre Goosen*

Tydens dié geleentheid word die deelnemers bekend gestel aan spirituele, emosionele en fisiese (oefening en dieet) gewoontes.

Persone maak hul eie keuses op grond van hul eie unieke samestelling en omstandighede. Elke persoon "werk" binne 'n verantwoordbaarheidsgroep van vier vir die volgende 100 dae.

Communitas wil in 2016 graag **Ringe/Gesamentlike Ringe** aanmoedig om as Ringspredikante saam die 100 Dae Geloofsgewoonte-reis aan te pak.

# Opleiding van Brugpredikante

**Brugpredikante 1 :** *1-3 Maart*

**Brugpredikante 2 :** *19-21 April*

*Bossie Muller en Pierre Goosen*

In die verlede het dit dikwels gebeur dat wanneer ’n gemeente vakant raak, die dienste van ’n aflos-predikant bekom is. Die taak van ’n aflos-predikant is min of meer instandhoudingswerk en om die gemeente geestelik te bedien totdat die volgende predikant beroep en bevestig is.

Die doel van ’n Brugpredikant is egter om ’n vakante gemeente te help om weer haar roeping en rol duidelik te verstaan. Ook om die gemeente te help om hulle eie storie/geskiedenis/konteks en kultuur te “hoor” en te verstaan. Die Brugpredikant help die gemeente om aan die einde van die “ou hoofstuk” om te blaai en reg te maak vir ’n nuwe hoofstuk. Hy/sy help ook die gemeente om die verandering as ’n positiewe groei geleentheid te beleef. Die Brugpredikant help die gemeente met die beroepingsproses en om ’n profiel van die toekomstige predikant saam te stel.

Om Brugpredikante toe te rus bied Communitas ’n Brugkursus aan. Een van die beginsels van Brugpastoraat is dat die predikant vir ’n termyn van 6-18 maande in die pos bevestig word en dat die brugpredikant nie beroepbaar is vir daardie gemeente nie. Dit verseker dat Brugpredikante nie proponente uit die bediening hou nie, maar eerder die weg baan vir ’n beroep.

# Kursusse in die ontwikkeling van spesifieke bekwaamhede by predikante

## Praktiese preekmaak: Ontwikkel jou preekmaak-vaardighede

*Sentrum vir Predikantebegeleiding (Hannes Koornhof)*

*23-25 Februarie 2016*

Hierdie kursus gaan ingerig word as ’n baie praktiese werkswinkel oor die preekmaak-proses en die rol van die erediens en prediking in ’n gemeente.

Verwag dus dat daar min teorie gaan wees, maar baie nadenke en gesprek oor dinge soos

- wat ekself as persoon na die kansel toe bring – en waarom dit baie saak maak
- hoe “gebeur” die preekmaak
- watter praktiese waarde behoort ’n preek vir lidmate te hê

Omdat dit ’n praktiese kursus is, gaan deelnemers gedurende die kursus

- na verskillende preke luister en dit beoordeel in die lig van belangrike kriteria
- self identifiseer waaraan hulle wil gaan werk ten einde hulle eie preek-vaardighede te verbeter

| | | |
|---|---|---|
| **Die praktyk van Kommunikasie** | **Op aanvraag beskikbaar** | |
| **Die praktyk van Begeleiding (coaching en mentoring)** | | |
| **Die praktyk van Geloofsonderskeiding** | | |
| **Denkvaardighede** | | |
| **Leierskap in oorgangstye** | | |

# Ander kursusse

## Aktuele konferensie vir Predikante langer as 20 jaar in bediening

*Pierre Goosen e.a.*

*16-17 Mei*

Ons vier ons roeping en God se getrouheid oor 20 Jaar!

## Gelukkige aftrede – *deur 'n nuwe toekoms te skep*

*Deon Bruwer en Kenny Raats*

*11-13 Oktober 2016*

Naderende aftrede laat niemand sonder die een of ander emosionele reaksie nie. Moontlik is jy baie opgewonde en sien jy uit na die idee van aftrede; of jy mag die onafwendbare verandering wat dié nuwe lewensfase gaan bring, vrees – jy mag selfs onaangeraak en apaties staan teenoor jou eie aftrede.

Watter posisie jy ook al neem, aftrede is een van die mees belangrike lewensoorgange wat noodwendig drastiese veranderinge in jou lewe gaan bring. Voorbereiding op 'n persoonlike en emosionele vlak vir hierdie veranderingsgebeure kry meestal nie die nodige aandag nie en word verwaarloos. Baie mense wat reeds deur hierdie proses is, sal getuig dat toepaslike emosionele beplanning hulle beter sou voorberei het en ook beter deur die proses sou gehelp het.

Die NGK wil aan jou die geleentheid gee om op verantwoordelike wyse voor te berei vir jou aftrede deur aan jou die geleentheid te gee om jou persoonlike reis na hierdie nuwe lewensfase te beplan deur die *Gelukkige Aftrede-Seminare*.

- Die program is daarop gerig om jou *selfverstaan* en *selfbewussyn* teen die agtergrond van jou *geloofservaring* te verdiep.
- Die program sal moontlik gebruik maak van jou unieke persoonlikheidsamestelling en -spiritualiteit vir die ontwikkeling van jou persoonlike program vir die bestuur van jou unieke aftredeplan.
- Deelnemers sal 'n evaluering maak van hulle persoonlike gereedheid vir aftrede, dit sal hulle sensitief maak vir moontlike slaggate en persoonlike gevaartekens, maar jou ook herinner aan jou individuele sterktes en talente.
- Hierdie seminare sal 'n ruimte skep waar elke deelnemer self kan evalueer hoe sy/haar huidige scenario lyk en ook die geleentheid bied om die unieke reis in

hierdie nuwe landskap te skets deur realistiese en praktiese doelstellings en beplanning.

- Deelnemers sal praktiese vaardighede leer vir ’n gebalanseerde lewenstyl in hierdie nuwe lewensfase *waar jou professie nie meer die bepalende faktor vir jou identiteit is nie.*

**Die doel van die program is:**

Om ’n persoonlike, geïndividualiseerde, omvattende en praktiese strategiese plan vir aftrede te ontwikkel wat sal bydra tot ’n gesonde en gladde oorgang na hierdie nuwe lewensfase, wat sal uitmond in ’n gelukkige en vervulde aftrede.

**Nota: Hierdie is Deon Bruwer se laaste aanbieding voordat hy in Jan 2017 ook aftree**

## Zebra-Uitreik

*18-23 April*

Stichting Zebra is ’n aktiwiteit van Communitas van die Teologiese Fakulteit van Universiteit Stellenbosch in samewerking met die Protestantse Kerke van Nederland. Die doel daarvan is om predikante bloot te stel aan verskillende kontekste en om dan saam te konfereer oor teologiese en kerklike aangeleenthede. Insigte uit die verskillende kontekste word in gesamentlike vergaderings bespreek en uit verskillende hoeke belig met die oog om te kyk wat Suid-Afrika en Nederland wedersyds van mekaar kan leer.

Hierdie byeenkoms vind in 2016 plaas by Volmoed naby Hermanus.

Vir meer inligting oor bogenoemde programme, kontak:

Adrienne Bester – Admin. beampte/Sekretaresse: **Sinodale Taakspan Predikantebegeleiding (STP)**

Tel. 021-808 3382, epos: bestera@sun.ac.za

# PRAKTIESE REËLINGS VIR WES- EN SUID-KAAPLAND

**Kostes**

- Ons probeer kursusse so bekostigbaar as moontlik maak. Die gemiddelde kursuskostes is tans ±R650.00 pp en Communitas subsidieer ’n groot deel daarvan.
- Deelnemers betaal vanjaar R100 per dag vir kursusse – middagetes en meestal ook kursusmateriaal ingesluit.

**Lidmate en mense van ander kerkgenootskappe**

Alle persone is welkom om vir ’n kursus in te skryf – kollegas van ander kerkgenootskappe, lidmate en predikante uit ander sinodale gebiede is almal welkom. Hulle word egter nie gesubsidieer nie en moet dus die werklike koste betaal. Skakel die VBO-kantoor vir besonderhede.

**Verblyf**

Deelnemers is vir eie verblyf verantwoordelik.

Communitas kan inligting voorsien oor gastehuise of ander verblyf.

**Verlofreëlings**

Predikante word versoek om hulle VBO-bywoning in oorleg met die Kerkraad te beplan. Die bywoon van ’n VBO-kursus word normaalweg nie as verlof gereken nie.

**Kursustye**

Kursustye is as volg tensy anders gekommunikeer word (blaai verder vir ’n pro-forma-program):

Dag 1: 10:00 tot 16:00

Dag 2: 09:00 tot 16:00

Dag 3: 09:00 tot 13:00

**VBO-punte**

**1 uur = 1 VBO punt**

Voltydse Bediening: 50 uur (350 uur oor 7 jaar)

Kapelane, tentmakers en predikante met bevoegdheid in ander beroepe: 30 uur (210 uur oor 7 jaar)

***Oordra van punte***

Predikante kan meer as een drie-dag kursus per jaar doen en die punte, binne perke, na ’n volgende jaar oordra. Die bedoeling van lewenslange leer is egter dat deurlopende leer sal plaasvind.

***Registrasie van punte***

Vanaf 2010 is ’n sentrale stelsel vir rekordhouding in werking gestel en word deur CPD Solutions administreer. Krediete vir VBO word elektronies per sms of direk op die CPD-webblad geboekstaaf. Predikante registreer as ’n CPD Solutions-gebruiker. By elke kursus word ’n unieke kode vir die betrokke kursus voorsien – dit word per SMS of op die webblad ingestuur. Vir meer inligting of hulp met registrasie op die CPD-webblad of navrae oor punte, kontak gerus die VBO-kantoor.

**Kerkraad en Ring se verantwoordelikheid**

- Dit kan van groot waarde wees as daar gereeld gesprek plaasvind tussen predikante en gemeente-leiers oor die nut van kursusse vir beide predikant en gemeente.
- Dit kan baie help as gemeentes ’n stelsel van rekordhouding ontwikkel om die inligting aan die Kerkraad voor te lê.
- Die Kerkraad moet dié inligting jaarliks aan die Ring voorlê.

# DIE VERWERWING VAN VBO-PUNTE




A. **Kursusse/Studiegroepe** by die Algemene Sinode se drie VBO-diensverskaffers (minstens 30 punte moet langs hierdie weg verwerf word: 20 punte vir bywoning; 10 vir terugvoering in terme van evaluering/werkstuk) (30 minimum p.j. – gewoonlik drie-dag kursus). Hierdie kursusse word deur die VBO-forum ontwikkel. Sinodale verteenwoordigers dien in hierdie Forum.

B. **Konferensies en/of eendag kursusse/werkswinkels** by die Algemene Sinode se VBO-diensverskaffers (10 maksimum pj) Voorbeeld: ’n Sinodale konferensie wat volgens die sinodale leiers kwalifiseer, word in oorleg met een van die Sentra van die NG-Kerk (t.w.v. koördinering) geakkrediteer.

C. Vol **VBO-Geakkrediteerde kursusse** (30 maksimum p.j.). Ander instansies wat relevante kursusse aanbied, kan vir akkreditasie aansoek doen.

D. **Mentoraat** (10 maksimum p.j.) – Volgens besluit van die Alg Sinode; deur Ringe via sinodale kantore aan VBO-sentra deurgegee.

E. **Verdere Studie** (akademies)
   - Vir Magister: volle erkenning vir 2 jaar;
   - Vir Doktoraal: volle erkenning vir 4 jaar;
   - Vir Bedienings-praktykgerigte Magister: volle erkenning vir 4 jaar.

   Word deur Ringe via sinodale kantore aan VBO-sentra deurgegee.

F. **Aanbieding** en/of **ontwikkeling van VBO-Kursusse** (op versoek van óf na voorlegging aan VBO-forum.) (30 pj maksimum 3 jaar). Word deur die VBO-forum goedgekeur en na aanbieding deur die Sentrum, waar die kursus aangebied word, administreer.

G. **Wetenskaplike Artikels/Amptelike studiestukke** vir Sinodes; bywoning en deelname aan Akademiese Vak-Werkgemeenskappe (10 maksimum p.j.), word deur Ringe via sinodale kantore aan VBO-sentra deurgegee.

H. **Rings-, Sinodale kursusse/werkswinkels/seminare** OF ander relevante kursusse/werkswinkels en seminare (sien ook C hierbo) (10 – met 20 as maksimum), word deur Ringe via sinodale kantore aan VBO-sentra deurgegee.

I. **Selfstudie** via die webblad met verslagvorm en/of veelvuldige keusevraelys. Word deur Ringe via sinodale kantore aan VBO-sentra deurgegee.
   - Lees van teologiese boeke en artikels – 5 punte per boek
   - 2 punte per akademiese artikel
   - 2 punte per uitgawe van Kruisgewys met
   - 20 punte as maksimum in hierdie afdeling.

*Hier is ’n **pro-forma program** van ons drie-dag kursusse om jou te help met vooraf-beplanning vir ’n kursus.*

*Driedag-kursusse **begin gewoonlik op ’n Dinsdag en eindig Donderdag middagete**. Slegs in uitsonderlike gevalle word daar afgewyk van hierdie program, en word die kursusgangers in kennis gestel van die alternatiewe program.*

# VBO-KURSUS: *TITEL*

*PLEK*

*Datum – Datum* **2016**

# PROGRAM

**Dinsdag --- ----------**

| | |
|---|---|
| 09:30-10:00 | Registrasie en verwelkoming |
| 10:10-11:30 | Sessie 1 |
| 11:30-12:00 | Tee/koffie |
| 12:00-13:00 | Sessie 2 |
| 13:00-14:00 | Middagete |
| 14:00-15:00 | Sessie 3 |
| 15:00-15:15 | Tee/koffie |
| 15:15-16:15 | Sessie 4 |

**Woensdag -- ----------**

| | |
|---|---|
| 09:00-09:30 | Opening |
| 09:30-10:30 | Sessie 5 |
| 10:30-11:00 | Tee/koffie |
| 11:00-13:00 | Sessie 6 |
| 13:00-14:00 | Middagete |
| 14:00-15:00 | Sessie 7 |
| 15:00-15:15 | Tee/koffie |
| 15:15-16:15 | Sessie 8 |

**Donderdag -- ----------**

| | |
|---|---|
| 09:00-09:30 | Opening |
| 09:30-10:30 | Sessie 9 |
| 10:30-11:00 | Tee/koffie |
| 11:00-12:30 | Sessie 10 |
| 12:30-13:00 | Reflektering en afsluiting |

## VBO-kantoor by Communitas


Telefoon: 021-808 3624

Faks: 086 563 7128

E-pos: wler@sun.ac.za

Webwerf: www.communitas.co.za

Posadres: Posbus 3322, Matieland, 7602

Fisiese adres: Communitas, Noordwal-Wes 1, Stellenbosch, 7600


## Taakspan VBO

Elsje Büchner – elsje@larochelle.org.za 082 821 6889

Alwyn Carstens – alwyn@ngkwelgelegen.co.za 082 677 5081

Rudolph Grobler wolliegrobler@gmail.com 082 820 9899

Adriaan Haasbroek – a3aanh@telkomsa.net 082 898 6533

Francois Herselman – fherselman1@telkomsa.net 081 270 3226

Pieter Roeloffse – ontwaking@gmail.com 082 815 4178

Peet Bester – peet@ngkfranschhoek.co.za 084 583 3454 (STVBO Voorsitter)

Danie O'Kennedy – danieok@nghelder.co.za 083 375 8441

Peter Adams – peteradams@sun.ac.za 082 928 7668 (VGK)

FrederickMarais – jfm@sun.ac.za 083 380 1657 (PSD STVBO)